# <u>GESKIEDENIS – HERSIENINGSTOETS</u> (memorandum)



**BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE SO VOLLEDIG AS MOONTLIK:**

1.Kies uit die raampie watter werk by mans/seuns en vrouens/dogters gepas het?

| | | |
|---|---|---|
| **KOS MAAK** | **METAALWERK** | **MELK KOEIE** |
| | **MAAK DIERE DOOD EN SLAG** | **POTTEBAKKERY** |
| **KINDERS OPPAS** | | **BESPREEK POLITIEK EN OORLOG** |
| | **WEEFWERK EN NAALDWERK** | |

| MANS / SEUNS | VROUENS / DOGTERS |
|---|---|
| **Maak diere dood en slag** | **Kos maak** |
| **Bespreek politiek en oorlog** | **Kinders oppas** |
| **Metaalwerk** | **Weefwerk en naaldwerk** |
| **Melk koeie** | **Pottebakkery** |

(8X½=4)

2.1.Wie het gewoonlik die HOOFMAN geword?

**Die rykste man – die een met die meeste beeste.**

(1)

2.2.Noem 2 dinge wat van die HOOFMAN verwag is om te doen?

- **Sorg dat sy mense in tye van hongersnood kos het**
- **Sorg vir die vroue wie se mans dood is**
- **Sorg vir die wat nie na hulself kon omsien nie**
- **Beeste leen aan arm mans**
- **Besoekers verwelkom**

**(enige 2 antwoorde is korrek)**

(2)

3. Gee ‘n definisie vir die woord LOBOLA?

**Die bruidegom gee ‘n bepaalde getal beeste aan die bruid se familie.** (1)

4. Skyf in ‘n paragraaf van SES sinne wat die rol van die beeste was vir die Afrika-boere. (Jy moet 6 vol sinne skryf.)

**Beeste het vir die Afrika-boere vleis en melk verskaf. Die beeste se velle en horings is verwerk om te dien as klere, skilde en houers. Beesmis gebruik as brandstof om vuur te maak. Die beeste is ook uitgeruil en as betaling gebruik. Beesmis is gebruik om die mure en vloere van die hutte te pleister. Laastens is die beeste ook gebruik om lobola te betaal.**

(6+1=7)

JY KRY 1 PUNT by as jy die ses sinne in ‘n paragraaf geskryf het!!!!

- **Indien jy meer as ses sinne geskryf het verloor jy een punt.**
- **As jy nie in ‘n paragraaf geskryf het nie, verloor jy een punt.**
- **As jy nie in vol sinne geskryf het nie, verloor jy een punt.**

**TOTAAL : /15**

